

Sondag, 3 Januarie 2021

Fokusteks: Josua 1:1-9

Nuwejaar is gewoonlik 'n tyd van uitbundige feesviering. Gewoonlik is daar by openbare vermaaklikheidsplekke regoor die wêreld duisende mense wat byeen kom om die Nuwejaar met vrolikheid en vreugde in te dans of 'n glasië te klink. Dis asof die besorgdheid van die lewe so bietjie opsy geskuif word.

Nie vanjaar nie.

Nee, daar is op die oomblik nog méér besorgdheid. Nog meer kommer oor uitdagings en omstandighede wat die meeste van ons nie ons leeftyd al ooit ervaar het nie. Ek moet erken, ek het gedink dat die bedreiging van Covid-pandemie teen hierdie tyd grootliks verby sou wees. Ek is egter ontugter en is nie seker wat om in hierdie jaar te verwag nie. Jou planne moet heeltemal aangepas word. Nou is daar, op hierdie stadium, net nog meer infeksies en meer sterftes. Gesinne staan absoluut verslae oor die dood van hul geliefdes. Dan praat ons nie eens van die ontwrigtende impak wat dit het op ekonomiese en maatskaplike gebied nie.

Ja, ek weet dat daar steeds groot dankbaarheid is by mense wat nie so sleg getref is deur hierdie omstandighede nie. Baie geniet nog goeie gesondheid en kry elke maand nog inkomste om van te leef. Daarvoor is ons die Here innig dankbaar. Maar ek wil dit waag om uit die Prediker-boek aan te haal - miskien is daar iemand wat vandag na hierdie boodskap luister en wie se eerlike gevoelens soos volg verwoord word - Prediker 2:17

Ek het die lewe gehaat... want alles het vir my sleg afgeloop.

Alles kom tot niks, dit is 'n gejaag na wind.

Ek sal nie verbaas wees as die Israëliete so gevoel het na hul trek deur die woestyn nie. Na al die jare van moeite en swaarkry in die woestyn staan hulle uiteindelik voor 'n nuwe hoofstuk in hul geskiedenis - die beloofde land lê voor hulle. Maar ai, dinge lyk nie goed nie. Was dit dan alles die moeite werd?

Die volk van God is nou wel nie op Oujaarsdag bymekaar om die Nuwejaar in te wag nie, maar tog is hulle ook in afwagting op 'n nuwe tydvak van hul lewe. Dit is drie dae voor hulle die beloofde land sou intrek. Agter hulle lê 'n lang geskiedenis vol swaarkry (maar ook die wonderbare versorging van God!): Egipte met sy slawerny, die tog deur die Rooi See, die veertig jaar in die woestyn. En nou, voor hulle lê die beloofde land. Die land wat die Here aan hulle sou gee. 'n Mens sou ook kon sê: agter hulle lê God se eeue-oue beloftes aan hul voorvaders van 'n nuwe tydvak wat sou kom, en nou sien hulle hoe God se beloftes in vervulling gaan. God het die woord gehou, Hy gaan nou doen wat Hy beloof het.

Dit moes sekerlik by hulle vreugde, dankbaarheid en uitbundigheid opgewek het. Maar 'n mens mis dit hier. Teen die verwagting in merk ons 'n ondertoon van besorgdheid. Wat sou die rede daarvoor wees? 'n Mens sou kon aanvoer dat hulle wel op die punt van vervulling gekom het, maar tog is dit nie die einde van hul pad nie. Die land moet nog verower word. Daar bestaan nog gevaar. Die Jordaanrivier is in vloed en hulle kan nie waag om daardeur te trek nie. In Kanaän wag daar gedugte vyande. Buitendien is hul groot en dinamiese leier, Moses, dood. Hy wat altyd die middelaar tussen God en sy volk was, is nie meer daar nie. Voor hulle lê die beloofde land, en die belofte van God is besig om in vervulling te gaan. Ja, maar die volk sou ook beslissende keuses moet maak, wat hul voorspoed en sukses kan beïnvloed.

In plaas van vreugde oor die vervulling van God se woord, huiwer die kinders van God oor die pad vorentoe. Hierdie stuk huiwering is tipies van ons menslike broosheid. Selfs wanneer God ons sy grootheid en getrouheid

laat sien, is ons huiwerig om dit aan te gryp en ons daarin te verbly. Selfs wanneer God sy genade aan ons sigbaar toon, bly ons onseker.

Gelukkig leer hierdie boek ons dat God ons nie alleen laat met ons keuses en ons beslissings nie. Hy ken ons onsekerheid. Hy ken ons huiwering om Hom te vertrou vir die toekoms. Hier sien ons hoedat God bv. begin om sy volk se vrese aan te spreek. Hy stel 'n nuwe leier in Moses se plek aan. Hy bevestig nogmaals sy belofte dat Hy by hulle sal wees, soos wat Hy by Moses was. Hy sal die vyande self verdryf. Waar die volk ook al sal beweeg en trap, daar het die Here reeds geloop, daar sal sy voetspore lê. So hoor ons Hom praat in v.5: *Ek sal jou nie in die steek laat nie, jou nie verlaat nie.*

Dit gebeur inderdaad ook so. Die res van die boek vertel hoe God juis dít gedoen het. Kyk maar in hfst.6 na die bekende verhaal van die inname van Jerigo. God gee die sterk vestingstad aan hulle oor sonder dat hulle enige inspanning hoef te hê. Hy veg die oorlog, Hy oorwin dit vir hulle. Hulle kan maar net ontvang! Dis genoeg rede om die nuwe tydvak met hoop en geloofsmoed in te gaan!

Tog is daar by ons dikwels 'n ondertoon van besorgdheid, vrees en angstigheid, soos by die volk hier in Josua 1. Ons ondervinding leer ons dat alles nie regtig so maklik gebeur nie. Ons ervarings klop nie altyd met die skynbare eenvoud van die lewe in geloof nie. Allesbehalwe. Ons is maar te goed bewus van spanninge wat vanuit die Oujaar na die Nuwejaar gaan oorloop. Probleme en bekommernisse van die Oujaar gaan nie met die aanbreek van die Nuwejaar eensklaps verby wees nie. Ja, ons glo, en ons gaan die toekoms met geloof tegemoet, maar dikwels is dit ons ervaring dat ons stryd in die geloof soms sonder oorwinning is. Dit waarvoor ons hoop en bid werk nie altyd so uit nie. Gedagtig aan die gebeure in die Josua-boek wil 'n mens sê: God gaan die volk vooruit ja, Hy verslaan die vyand, Hy gee die land, Dit mag die een kant wees, maar ons beleef dikwels 'n ander kant - een van vrees, kommer, droefheid en mislukking.

Dan is dit vir ons goed om te weet dat die Here ook van hierdie ander kant weet. In ons teks hoor ons dit in v.7,8. Aan die een kant gee God ons sy onaantasbare beloftes en versekering, soos Hy dit hier in v.2-6 aan sy volk gee. Maar behalwe dit gee God ons ook sy tasbare wet, of *Torah*, soos dit in Hebreeus aan die volk bekend gestaan het. Hierdie is veel meer as net 'n wetboek; dit bevat goeie nuus. Die Torah was vir die antieke gelowiges die somtotaal van Gods genade - genade waarin God se wil van liefdevolle verhoudings vir sy kinders sigbaar word. Dit gebooi van God is juis bedoel om 'n teenvoeter te wees vir heidense leefwyses en praktyke waar persoonlike belang en eer voorop gestel is. Die voorskrifte van God is eerder ingestel op God se eer en die versorging van mekaar se belange. Hierdie voorskrifte is daarom deel van die gawe wat God gee, deel van die beloftes en versekerings. Wat ook al die uitdagings is wat voorlê, hulle moet dit tegemoet gaan deur naby aan die Here te leef. Dit is hoe die Israeliete versterk word in die geloof - vertrou die Here se riglyne - Hy sal oral met hulle gaan.

Deur hierdie liefdesgebod kom God ons vrese en ons huiwering in die geloof tegemoet, deur vir ons 'n weg te wys in die toekoms in. 'n Praktiese en konkrete rigsgaander om die onsekerheid van die toekoms in die oë te kyk. Ons kry hier 'n aansporing om vas te hou aan die liefdeswet van God, ja, om omgang met God se woord elke dag te hê, want dit bewaar ons van afvalligheid van God en wanhoop oor die lewe van elke dag. In Psalm 119, 'n Psalm wat handel oor die grootheid van God se Woord, hoor ons dit deurgaans - *U woord is die lamp wat my die weg wys, die lig op my pad* (v.105) En ook: *As ek al u gebooi in ag neem, sal ek nooit raad-op wees nie!* (v.6) M.a.w. hier kom gee God ons 'n manier waarop ons die donker kant, die ander kant van die lewe kan hanteer. Sien God se liefde raak en leef dade van naasteliefde uit. So help God ons kleingeloof en angstigheid oor 'n onseker toekoms selfs deur sy voorskrifte, want agter sy voorskrifte sit 'n hart van liefde en omgee.

Dit is nou die tyd om mekaar met die wet van liefde te bedien. Ons weet nie hoe môre en oormôre lyk nie, maar ons kan mekaar daaraan herinner hoe God se liefde lyk in moeilike omstandighede. So word ons draers van hoop in die jaar 2021.

Vir ons as Nuwe Testamentiese gelowiges is hierdie genadewerke van God op 'n dubbele manier waar - nie net leef ons vanuit God se beloftes en genade soos wat ons dit deur die Ou Testament-verhale hoor nie, maar ons word deur die Seun van God *self* verseker van sy krag en mag, van sy vooruitgaan, sodat ons met vertroue die toekoms tegemoet kan gaan. Hy het tog immers die sonde en dood oorwin, sodat ons in lewe en in sterwe vir altyd aan God behoort. In Mat.28:18-20 word ons getroos met hierdie wonderlike versekering van Jesus, pas voor sy hemelvaart - *Aan My is alle mag gegee in die hemel en op die aarde.... En onthou: Ek is by julle al die dae tot die voleinding van die wêreld.*

Met hierdie goeie nuus in ons harte en ons gedagtes, kan ons tog, te midde van 'n onseker tyd, vir mekaar 'n geseënde Nuwejaar toewens!

Seënbede (Outeur: Vroeë Kerk)

Die Here is voor jou om die pad gelyk te maak.

Die Here is langs jou om jou in sy arms toe te vou.

Die Here is agter jou om die aanvalle van die Bose af te slaan.

Die Here is rondom jou om jou te beskerm.

Die Here is bokant jou om jou te seën.

Die Here is in jou om jou te lei met sy Heilige Gees.

Die Here is vir jou, want Jesus pleit vir jou.

Die drie-enige God is by jou, van nou af tot in ewigheid.

Amen